CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

*Februarie 2004 No 21*

# Canola kultivarevaluasie :Wes- en Suid-Kaap 2003

**D J Hanekom, P Lombard en H de Wet**

## Inleiding

Gewasproduksie in die Swartland tydens die 2003 seisoen sal onthou word as een van die droogste seisoene wat die gebied in dekades beleef het. Met bykans geen noemenswaardige reën wat voor Augustus voorgekom het nie, is uiters swak tot geen opbrengste oor die grootste gedeelte van die gebied ervaar.

Toestande in die Suid-Kaap was weer uiters gunstig vir gewasverbouing en uitstekende oeste is in die meerderheid gebiede van die Suid-Kaap behaal. Die reënval in die Albertinia/Mosselbaai omgewing was so hoog aan die begin van die seisoen dat produsente baie laat eers kon plant, wat weer opbrengste benadeel het.

Oppervlaktes het in 2003 met sowat 34% in die Wes- en Suid-Kaap toegeneem in vergelyking met die vorige jaar, met na raming sowat 43 300 ha canola wat aangeplant is. Daar is ook sowat 800+ hektaar in Natal, die Oos-Kaap en Noord-Wes provinsies verbou. Die oppervlaktes (ha) wat gedurende die 2003 seisoen onder canola verbou is, het as volg daaruit gesien:

| | | | |
|---|---|---|---|
| SSK | 11 900 | MKB | 6 200 |
| BNK | 5 700 | WPK | 8 200 |
| CRK | 9 000 | Boland Agri | 1 500 |
| Tuinroete Agri | 800 | | |
| | | | |
| Oos-Kaap | 340 | | |
| Natal | 140 | | |
| Noord Wes | 350 | | |

Skatting van die Canolawerkgroep

Die Departement Landbou:Wes-Kaap het gedurende die 2003 seisoen 'n reeks kultivar proewe in die Suid- en Wes-Kaap streke uitgevoer. Ses lokaliteite wat strek van Mosselbaai tot Caledon is in die Suid-Kaap streek aangeplant terwyl daar ook ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil geplant is. By elk van die proefplase in die twee gebiede naamlik by Tygerhoek en Langewens in onderskeidelik die Suid- en Wes-Kaap is beide 'n vroeë en 'n laat aanplanting gedoen. As gevolg van die droogte in die Swartland, is slegs die proewe by Philadelphia, Malmesbury en Porterville voltooi. 'n Oormatige hoeveelheid reën tydens April/Mei by die Mosselbaai lokaliteit het meegebring dat die proef eers teen die einde Mei daar gevestig kon word.

**Reënval oorsig**

Klimaatstoestande tydens die 2003 seisoen is gekenmerk deur baie gunstige toestande in die Suid-Kaap terwyl die swakste reënval sedert 1978 in die Swartland voorgekom het. Die reënvalsyfers soos dit by die verskillende gebiede voorgekom het word in figuur 1 getoon.

**Agronomiese praktyke**

Afgesien van die primêre bewerkings wat deur medewerkers gedoen is, is die proefpersele in die Swartland en Suid-Kaap voor plant met 'n vlak tand bewerk ten einde 'n fyn, gelyke saadbed te verseker. Die proewe is geplant met 'n Wintersteiger perseelplanter. Die duisendkorrelmassa en ontkiemings% van elke kultivar is bepaal en saaidigthede is bereken ten einde 'n mikpunt van meer as 70 plante/$m^2$ te verseker.

Alle bemesting wat toegedien is, is gebasseer op grondontledings wat by elke proefperseel geneem is. Stikstofbemesting is volgens aanbeveling gedoen en is aangepas volgens grondtipe en reënvalsyfers en het gewissel van 85 tot 100 kg N/ha wat as standaard in drie paaiemente toegedien is. As standaard is molibdeen tydens die rosett-stadium togedien asook 'n boor bespuiting teen die einde van die stamverlengingsfase.

Onkruidbeheer waar nodig is volgens onkruidspesie en –druk toegepas. Hoofsaaaklik is daar gebruik gemaak van 'n voorsaai bespuiting met Butisan S (metazachlor) gevolg deur naopkomsbeheer met Focus Ultra (cycloxydim) en Lomex(etametsulfuron-metiel). Die beheer van insekte het hoofsaaklik bestaan uit 'n bespuiting met plant teen rooibeensandmyt en lusernerdvlooi, gevolg deur bespuitings later in die seisoen vir die beheer van plantluise, ruitrugmotte en bolwurms. Die middels wat gebruik is, was Dimet(dimetoaat) - 750 ml/ha, Thioflo(endosulfan) - 1*l*/ha en Dursban(chlorpiriphos) - 100*ml*/100*l*. Geen swambeheer is op canola toegepas nie.


Met rypwording is persele direk gestroop met 'n Wintersteiger perseelstroper, waarna die saad skoongemaak en toegelaat is om 'n resulterende vogpersentasie te bereik voordat dit geweeg is.

**Resultate**

Opbrengste in die Swartland was laag gedurende die 2003 seisoen as gevolg van ernstige vogstremmings toestande wat vir die grootste gedeelte van die seisoen voorgekom het. Slegs drie proewe is in die Swartland voltooi en proefgemiddeldes van tussen 1.42 en 1.47t/ha is behaal.


Toestande in die Rûens en Suid-Kaap was besonder goed en uitstekende opbrengste is behaal. Die hoogste proefgemiddelde van 2.83 t/ha is by die Napier proef behaal gevolg deur Tygerhoek (eerste saaidatum) waar 'n gemiddelde van 2.52 t/ha behaal is. By beide hierdie lokaliteite asook by die Caledon lokaliteit het die kultivar Outback 'n gemiddelde opbrengs van by die 3.5t/ha en meer gehad. Opbrengste van die nuwe Pioneer kultivars lyk belowend. By enkele proewe in die Suid-Kaap is daar opgemerk dat van die kultivars begin omval het. Nadere ondersoek het getoon dat hierdie kultivars redelik straf met swartstam besmet is. Veral by die Tygerhoek proefperseel was die infeksie redelik straf en het dit tot aansienlike verliese aan opbrengs gelei.

**Philadelphia(*Boterberg*)**





*Figuur 2. Opbrengs van canola kultivars by die Philadelphia lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 14.94% KBV = 0.366 - Plantdatum = 07/05/2003)*

**Malmesbury (*Grasrug*)**





*Figuur 3. Opbrengs van canola kultivars by die Malmesbury lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 17.47% KBV = 0.414 - Plantdatum = 24/04/2003)*

**Porterville (*Keerom*)**





*Figuur 4. Opbrengs van canola kultivars by die Porterville lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 13.74% KBV = 0.329 - Plantdatum = 28/04/2003)*

**Caledon(*Serjaensrivier*)**





*Figuur 5. Opbrengs van canola kultivars by die Caledonl lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 10.21% KBV =0.392 - Plantdatum = 28/04/2003)*

**Riviersonderned (*Tygerhoek Saaityd 1*)**





*Figuur 6. Opbrengs van canola kultivars by die Tygerhoek lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 10.53% KBV = 0.454 - Plantdatum = 01/05/2003)*

**Riviersonderned (*Tygerhoek Saaityd 2*)**





*Figuur 7. Opbrengs van canola kultivars by die Tygerhoek lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 10.96% KBV = 0.216 - Plantdatum = 22/05/2003)*

**Napier *(Panorama)***





*Figuur 8.* *Opbrengs van canola kultivars by die Napier lokaliteit gedurende 2003.*
*( KV% = 6.45% KBV = 0.303 - Plantdatum = 28/04/2003)*

**Swellendam(*Kliphoogte*)**





*Figuur 9.* *Opbrengs van canola kultivars by die Swellendam lokaliteit gedurende 2003.*
*( KV% = 11.02% KBV = 0.439 - Plantdatum = 29/04/2003)*

**Heidelberg (*Hillsdene*)**





*Figuur 10. Opbrengs van canola kultivars by die Heidelberg lokaliteit gedurende 2003. ( KV% = 9.06% KBV = 0.332 - Plantdatum = 29/04/2003)*

**Mosselbaai (*Patrysfontein*)**




*Figuur 11. Opbrengs van canola kultivars by die Mosselbaai lokaliteit gedurende 2003. (KV% =17.30% KBV = 0.568 - Plantdatum = 10/06/2003)*




*Figuur 12.* Die gemiddelde opbrengs van bestaande(3jaar) en nuwe kultivars(2003) by lokaliteite van Swartland, Rûens en Suid-Kaap.

**Navrae:** Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.
**Redaksie:** HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***